



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2024

10712

REKENINGKUNDE
(VRAESTEL 2)

REKENINGKUNDE V2

TYD: 2 ure

PUNTE: 150



10712A

15 bladsye + 1 formuleblad en 'n 11-bladsy antwoordboek

X05



More Recourses



[Testpapers.co.za](https://www.testpapers.co.za)

[Exam Papers](#) / [Study Guides](#) / [Summaries](#) / [Tutoring](#)



[TestpapersPro.co.za](https://www.testpaperspro.co.za)

[Study Notes](#) / [Quizzes](#) / [Flashcards](#) / [Exam Questions](#)

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
7. Jy mag die Formuleblad met Finansiële Aanwysers wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is, gebruik.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Versoenings	40	32
2	Kosterekeningkunde	35	28
3	Voorraadwaardasie en BTW	40	32
4	Begrotings	35	28
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: VERSOENINGS

(40 punte; 32 minute)

1.1 BANKVERSOENING

Die inligting het betrekking op Fikile Handelaars vir Augustus 2024. Die onderneming ontvang die amptelike bankstaat op die 25^{ste} dag van elke maand.

GEVRA:

1.1.1 Bereken die volgende op 31 Augustus 2024.

- Korrekte totale van die Kontantjoernale. Gebruik die tabel verskaf in die ANTWOORDBOEK (slegs die bedrae word verlang). (8)
- Bankrekeningsaldo in die Algemene Grootboek van die onderneming. (4)

1.1.2 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Augustus 2024 op. (6)

1.1.3 Voorsien EEN rede waarom die Interne Ouditeur bekommerd behoort te wees oor die beheer van kontant. Verskaf 'n oplossing vir sy bekommernis. (2)

1.1.4 Mnr. Fikile moedig sy klante aan om van EFO (Elektroniese Fonds Oorplasinge) betalings gebruik te maak as gevolg van voortdurende kontantverliese. Verskaf EEN voordeel in die ontvangs van betalings van klante wat EFO's gebruik. Verskaf 'n rede vir die voordeel. (2)

INLIGTING:

A. Die volgende Bankversoeningstaat is op 31 Julie 2024 voorberei:

	R
Debietsaldo volgens Bankstaat	34 600
Uitstaande deposito (van kontantverkope; gedateer 23 Julie 2024)	21 500
Uitstaande EFO (nr. 672)	9 870
Kredietbedrag foutiewelik gedebiteer	5 500
Kredietsaldo volgens Bankrekening	17 470

- B.** Voorlopige totale op 31 Augustus 2024 voordat die Bankstaat ontvang is:
- **KOJ: R158 100**
 - **KBJ: R94 790**
- C.** Die volgende is tydens die vergelyking van die Julie Versoeningstaat met die Augustus 2024 bankstaat waargeneem:
- Die uitstaande EFO nr. 672 en die regstelling van die fout, verskyn korrek op die Augustus 2024 bankstaat.
 - Die uitstaande deposito op 23 Julie 2024 verskyn op die Augustus 2024 Bankstaat, maar die bedrag reflekteer korrek as R11 500. Daar is besluit om die saldo af te skryf aangesien die rekenmeester aangedui het dat sy oppad na die bank beroof is.
- D.** Onderstaande items op die Augustus 2024 Bankstaat verskyn nie in die Augustus Kontantjoernale nie:
- EFO betaling ontvang van Z. Behr vir R1 800 ter vereffening van sy rekening van R2 000.
 - Maandelikse debietorder ten gunste van Versekering Bpk. vir die versekeringspremie, R850.
 - 'n Deposito van R11 000 verskyn in die lopende rekening van Fikile Handelaars op 24 Augustus 2024. Daar is vasgestel dat die deposito 'n fout aan die kant van die bank is. Die bank het ingestem om die regstelling van die fout op die September Bankstaat te doen.
 - Bankkoste, R1 770
 - Rente op kredietsaldo, R2 160
- E.** Items in die joernale maar nie op die Augustus Bankstaat nie:
- EFO nr. 633 (aan Zwane Verskaffers), R14 600
 - Kontant deposito (van Masuku P), R24 620
- F.** 'n Debietkaartinskrywing op 30 Augustus 2024 om kontant vir lone te onttrek, R32 000 verskyn op die staat. Die boekhouer is nie ingelig nie.
- G.** Kredietkaartverkope verskyn korrek op die Bankstaat as R12 300, maar die KOJ toon die bedrag as R21 300.
- H.** Die Augustus 2024 bankstaat toon 'n balans van R ?.

1.2 DEBITEUREVERSOENING

Die inligting het betrekking op Sam se Winkel vir Julie 2024.

GEVRA:

- 1.2.1 Dui die regstellings wat in die Debiteurekontrole rekening in die Algemene Grootboek gemaak moet word. Gebruik (+) vir 'n toename; (–) vir 'n afname OF toon '**geen verandering**'. (4)
- 1.2.2 Stel die korrekte Debiteurelys op 31 Julie 2024 op. Toon berekeninge met die relevante bedrae in hakies om deelpunte te verdien. (10)
- 1.2.3 Verduidelik waarom die saldo in die Debiteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek dieselfde moet wees as die totaal van die Debiteurelys. (2)
- 1.2.4 Die debiteureklerk is bekommerd dat M. Smit nie sy rekening betaal het nie. Verskaf TWEE interne kontrolemaatreëls, behalwe om rente te hef, wat die onderneming kan gebruik om die invordering van skuld te verbeter. (2)

INLIGTING:

A. Vooraansuiweringsyfers op 31 Julie 2024

	R
Debiteurekontrolerekening saldo	14 500
Debiteurelys totaal van Debiteuregrootboek	15 100

B. Debiteurelys op 31 Julie 2024

	Debiet	Krediet
A. Kunene		1 000
T. Naidoo	6 200	
X. Zulu	2 300	
M. Smit	7 600	
	16 100	1 000

C. Foute en weglatings:

- (i) Die totaal van die Debiteure-afslagjoernaal is met R1 300 oorskry.
- (ii) Rente van R250 moet op die agterstallige rekening van M. Smit gehef word.
- (iii) 'n Bedrag van R3 200 wat van T. Naidoo ontvang is, is korrek aangeteken in die Kontantjoernaal, maar is foutiewelik as R2 300 na die rekening van T. Naidoo oorgedra.

- (iv) Voorraad aangekoop deur A. Kunene, R800, is na die verkeerde kant van sy rekening in die Debiteuregrootboek oorgeboek.
- (v) Geen inskrywing is gemaak vir 'n kredietnota uitgereik aan X. Zulu, R540, nie.

VRAAG 2: KOSTEREKENINGKUNDE

(35 punte; 28 minute)

2.1 HLUBI VERVAARDIGERS

Onderstaande inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2024. Die onderneming vervaardig een soort hoed.

GEVRA:

2.1.1 Bereken die volgende:

- Direkte arbeidskoste (**Verwys na Inligting C.**) (7)
- Fabrieksboekoste vir die jaar (**Verwys na Inligting D.**) (5)

2.1.2 Bereken die totale koste van produksie. (5)

2.1.3 Die eienaar is beïndruk dat die fabriekswerkers nooit gekla het om oortyd te werk om doelwitte te behaal nie.

- Verskaf TWEE redes waarom fabriekswerkers verkies om oortyd te werk sonder enige besware. (4)

INLIGTING:

A. Voorraad saldo's:

	29 Feb. 2024	28 Feb. 2023
	R	R
Grondstof voorraad	745 000	2 663 000

B. Die eienaar het besluit om voordeel te trek uit afgemerkte pryse en het besluit om materiaal in grootmaat aan die einde van die vorige finansiële jaar aan te koop.

LET WEL: Geen direkte materiaal is gedurende die jaar aangekoop of teruggestuur nie.

C. Direkte arbeidskoste vir die jaar:

Aantal werkers	Lone	Verdienste per werker	
10	Basies (normale lone)	R50	2 000 uur
	Oortyd	Basiese tarief + 80%	100 uur
LET WEL: - Aftrekkings: 9% van basiese loon - Werkgewersbydrae: 12% van basiese loon			

D. Fabrieksbokoste:

Die boekhouer het fabrieksbokoste as R884 160 bereken. Sy het egter die volgende foute gemaak wat reggestel moet word:

- Die fabriekshuur van R66 720 is ingesluit in die fabrieksbokoste. Die bedrag is met 20% onderverhaal (te min bereken).
- Jaarlikse fabrieksversekering betaal vir die tydperk 1 Julie 2023 tot 30 Junie 2024 is aangeteken en korrek verdeel. Die maandelikse kantoorversekering is R1 440. Versekering word verdeel in die verhouding 3 : 1 : 1 vir die fabriek-, kantoor- en verkoopsafdelings onderskeidelik.

2.2 MUG 'n SIP VERVAARDIGERS

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot MUG 'n SIP Vervaardigers vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024. Die onderneming vervaardig een soort koffiebeker wat gewild in hul dorp is en hulle koop materiaal by 'n plaaslike verskaffer.

LET WEL: Waar kommentaar en verduidelikings verlang word, moet jy syfers en neigings aanhaal.

2.2.1 Die eienaar wil van die produksiepersoneel na ander departemente herontplooi. Verskaf TWEE voorstelle waarom dit nie 'n goeie besluit is nie. Haal syfers en neigings aan. (4)

2.2.2 Die bestuurder is bekommerd dat fabrieksbokoste die vaste koste laat verhoog het. Verduidelik waarom hy nie bekommerd hoef te wees nie. Verskaf TWEE punte. Haal syfers en neigings aan. (4)

2.2.3 Die interne ouditeur het sy kommer oor veranderlike koste uitgespreek. Identifiseer EEN kosteverwante probleem vir die ouditeur en verskaf 'n ooreenstemmende oplossing vir ELKE probleem. Haal syfers en neigings aan. (4)

2.2.4 Bereken die % verhoging in die verkoopprijs van die koffiebekers. (2)
b.o.

INLIGTING:

	2024		2023	
	TOTAAL (R)	EENHEIDS- KOSTE (R)	TOTAAL (R)	EENHEIDS- KOSTE (R)
Vaste koste	1 104 000	46,00	1 069 600	56,00
Fabrieksbokoste	792 000	33,00	754 450	39,50
Administratiewe koste	312 000	13,00	315 150	16,50
Veranderlike koste	2 064 000	86,00	1 212 850	63,50
Direkte materiaalkoste	1 243 200	51,80	588 280	30,80
Direkte arbeidskoste	441 600	18,40	334 250	17,50
Verkoops- en Verspreidingskoste	379 200	15,80	290 320	15,20
Verkoopprys per eenheid	R146,00		R118,50	
Aantal eenhede vervaardig en verkoop	24 000		19 100	
Gelykbreekpunt (eenhede)	18 400		19 448	

VRAAG 3: VOORRAADWAARDASIE EN BTW
(40 punte; 32 minute)

3.1 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies verskaf. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.3) in die ANTWOORDBOEK.

3.1.1 Die (EIEU/geweegde gemiddelde) metode veronderstel dat voorraad in die volgorde van die aankoopdatum verkoop word.

3.1.2 Voorraad aangekoop word in 'n Handelsvoorraad rekening in 'n deurlopende/periodieke voorraadstelsel, aangeteken.

3.1.3 Die (geweegde gemiddelde/spesifieke identifikasie) voorraadwaardasie-metode is die geskikste vir unieke hoë waarde produkte. (3 x 1) (3)

3.2 VOORRAADWAARDASIE

Jy word voorsien van inligting wat verband hou met Malaza Seephandelaars. Hulle verkoop een soort gesigseep. Die finansiële jaar eindig op 29 Februarie 2024. Die periodieke voorraadstelsel en die geweegde-gemiddelde metode word gebruik om voorraad te waardeer.

GEVRA:

3.2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 29 Februarie 2024. (7)

3.2.2 Bereken hoe lank (in dae) dit sal neem om die eindvoorraad te verkoop. (3)

3.2.3 Die eienaar vermoed dat gesigseep gesteel word. Verskaf 'n berekening om sy vermoedens te bevestig. (4)

3.2.4 Die eienaar oorweeg dit om nog 'n sekuriteitsbeampte teen 'n maandelikse salaris van R6 200 aan te stel om te help met die kontrole van die gesigseep voorraad. Verduidelik waarom dit NIE 'n goeie idee is NIE. Verskaf EEN punt met syfers. (3)

INLIGTING:
A. Voorraadrekords:

	AANTAL ITEMS	EENHEIDS- PRYS	TOTAAL R
Voorraad 1 Maart 2023	4 800		R174 400
Voorraad 29 Februarie 2024	5 650		?

B. Vraggeld op aankope:

Vraggeld op aankope is R200 per boks van 100 koekies seep.

C. Aankope en terugsendings:

	AANTAL ITEMS	WAARDE PER ITEM (vraggeld uitgesl.)	TOTALE WAARDE (vraggeld ingesl.)
Aankope	19 500		R956 400
12 Augustus 2023	5 300	R41	R227 900
15 Oktober 2023	10 500	R48	R525 000
30 Desember 2023	3 700	R53	R203 500
Terugsendings:			
15 Desember 2023	(100)		?

LET WEL: Die verskaffer het ingestem om vervoerkoste terug te betaal vir goedere wat teruggestuur is weens defekte wat deur hulle verpakkingspersoneel veroorsaak is.

D. Verkope:

18 500 eenhede is teen R75 elk verkoop.

3.3 BESTUUR VAN VOORRAAD

Die inligting het betrekking op ChillWave Verkoelers vir die finansiële jaar geëindig 31 Julie 2024. Die besigheid verkoop een tipe koelboks in drie takke. Die besigheid se kredietterme is 30 dae.

GEVRA:

Verskaf EEN afsonderlike probleem (met syfers) ten opsigte van ELKE tak saam met 'n ooreenstemmende oplossing vir ELKE probleem.

	SEDIBENG	TSHWANE	MOGALE CITY
Beginvoorraad (eenhede)	300	650	480
Aankope (eenhede)	3 200	4 400	4 000
Eindvoorraad (eenhede)	2 900	220	2 950
Verkoopprijs per eenheid	R1 200	R1 200	R1 200
Onttrekkings in eenhede	0	15	1
Debiteure-invorderingstydperk	25 dae	30 dae	40 dae
Krediteurebetalingstydperk	40 dae	45 dae	31 dae

(9)

3.4 BTW

Baya-Handelaars is vir BTW geregistreer. Die BTW-koers is 15%.

GEVRA:

3.4.1 Bereken die bedrag BTW betaalbaar aan SAID vir die BTW-periode geëindig 31 Julie 2024. (9)

3.4.2 Jy is die interne ouditeur. Die eienaar, Ali Baya, het R12 880 BTW ingesluit deur middel van 'n EFO aan IT Solutions betaal vir 'n nuwe skootrekenaar vir sy kind, wat met sy tersiêre studies gaan begin. Ali dring daarop aan dat die skootrekenaar as deel van Baya-Handelaars se toerusting aangeteken moet word en dat R1 680 as BTW-inset in die besigheid se boeke aangeteken moet word.

Verduidelik wat jy aan Ali sal sê. Verskaf EEN punt. (2)

INLIGTING:

A. Bedrag verskuldig aan SAID op 1 Julie 2024, R6 300.

B. Bedrae van die Julie 2024 joernale:

	UITSLUITEND BTW	BTW BEDRAG	INSLUITEND BTW
Terugsendings van verkope	6 900	?	7 935
Aankoop van voorraad		3 075	
Korting toegestaan	780	?	
Oninbare skulde verhaal		240	
Kredietverkope		?	*72 450

***LET WEL:** Hierdie bedrag sluit nulkoersgoedere items in wat vir R5 060 verkoop moes word. Die boekhouer het foutiewelik BTW van R660 op hierdie goedere ingesluit. Dit moet reggestel word.

VRAAG 4: BEGROTINGS

(35 punte; 28 minute)

Die inligting voorsien het betrekking op Trident-Handelaars. Die eienaar is Billy Trident. Billy het net een bestuurder wat goedere aflewer.

GEVRA:

4.1 Onderskei tussen Kontantbegroting en Geprojekteerde Inkomstestaat. (2)

4.2 Voltooi die Debiteure-invorderingskedge vir Maart en April 2024. (7)

4.3 Verwys na Inligting E.

Bereken die vorige salarisse vir elke werknemer voordat die nuwe werknemer aangestel is. (3)

4.4 Verwys na Inligting F.

Bereken die ontbrekende bedrae aangedui deur (i) tot (iii) in die Kontantbegroting. (10)

4.5 Verwys na Inligting G.

Billy het 'n nuwe mededinger wat in Januarie 2024 besigheid begin doen het. Hy is bekommerd oor die dalende aantal klante.

- Lewer kommentaar op verkope en lewer bewyse (met syfers of berekeninge) om Billy se bekommernis te regverdig. (4)

- Verduidelik hoe die onderneming na klante kan uitreik in ander provinsies sonder om nuwe takke oop te maak. Gee EEN punt met 'n rede. (2)

4.6 • Billy is bekommerd dat afleweringskoste nie goed beheer word nie. Verskaf EEN rede om sy bekommernis te verduidelik. Haal syfers aan. (3)

- Billy voel dat dit belangrik is om 'n vloot voertuie te gebruik om verkoopte goedere af te lewer. Verskaf TWEE voordele om 'n eksterne afleweringsmaatskappy te gebruik. (4)

INLIGTING:**A. Opsomming van totale verkope:**

	WERKLIK		BEGROOT	
	Januarie	Februarie	Maart	April
Totale verkope	R2 985 000	R3 462 600	?	4 800 000

Kontantverkope is 40% van die totale verkope.

B. Verwagte debiteure-invorderings:

Kredietverkope sal soos volg ingevorder word:

- 25% in dieselfde maand van verkope en hulle ontvang 5% korting
- 50% na 30 dae (eerste maand na verkope)
- 20% na 60 dae (tweede maand na verkope)
- Die saldo word na 90 dae afgeskryf

C. Aankope van voorraad en betalings aan krediteure:

- Die onderneming handhaaf 'n vaste voorraadvlak.
- Krediet aankope beloop 85% van alle aankope.
- Die winsopslag op kosprys is 25%.
- Krediteure word ten volle betaal een maand na die datum van aankope.

D. 'n Gedeelte van die vaste deposito verval op 31 Maart 2024. Die vaste deposito is belê teen 'n koers van 6% p.j.**E.** Die onderneming het drie werkers in diens wat elkeen dieselfde salaris verdien. Billy Trident het besluit om 'n vierde assistent op 1 April 2024 aan te stel teen 'n salaris van R1 200 minder as dié van die ander.

F. Uittreksel van die Kontantbegroting:

	MAART 2024	APRIL 2024
ONTVANGSTES		
Kontantverkope	(i)	1 920 000
Ontvangste van debiteure	1 995 480	?
Verbandlening van DBS Bank	975 000	0
Vaste deposito verval (sien D hierbo)	(ii)	0
Rente op vaste deposito	3 000	2 500
BETALINGS		
Kontantaankope van voorraad	1 680 000	3 264 000
Betalings aan krediteure	2 354 568	(iii)
Rente op lening	0	9 750
Salarisse	?	14 800
Afleweringssuitgawes	79 200	79 200

G. Uittreksel van Geprojekteerde Inkomstestaat:

	JANUARIE		FEBRUARIE	
	Begroot	Werklik	Begroot	Werklik
Verkope	3 000 000	2 985 000	3 960 000	3 462 600
Afleweringssuitgawes	60 000	104 475	79 200	121 191

GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Niebedryfslaste : Aandeelhoudersbelang
(Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien Nota 2 hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhoudersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdiensle per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprijs per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	
NOTA: 1. Handelsvoorraad aan die einde van die finansiële jaar kan gebruik word indien dit in die vraag verlang word. 2. Krediet aankope kan in plaas van koste van verkope gebruik word (syfers sal dieselfde wees indien voorraad kontant is) 3. Indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegde gemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.	



GAUTENG PROVINCE

EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2024

10712

REKENINGKUNDE

VRAESTEL 2

ANTWOORDBOEK

11 bladsye

NAAM VAN SKOOL:

NAAM VAN LEERDER:

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	PUNTE BEHAAL
1	Versoenings	40	
2	Kosterekeningkunde	35	
3	Voorraadwaardasie en BTW	40	
4	Begrotings	35	
TOTAAL		150	

More Recourses



[Testpapers.co.za](https://testpapers.co.za)

[Exam Papers](#) / [Study Guides](#) / [Summaries](#) / [Tutoring](#)



[TestpapersPro.co.za](https://testpaperspro.co.za)

[Study Notes](#) / [Quizzes](#) / [Flashcards](#) / [Exam Questions](#)

VRAAG 1

1.1 BANKVERSOENING

1.1.1	KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL	KONTANTBETALINGSJOERNAAL
	Bedrag	Bedrag
	R158 100	R94 790

8

Bankrekening in die Algemene Grootboek op 31 Augustus 2024	
BEWERKINGS	ANTWOORD

4

1.1.2 Kies slegs EEN metode hieronder om die vraag te beantwoord.
TWEE-KOLOM METODE

BANKVERSOENINGSTAAT OP 31 AUGUSTUS 2024		
	DEBIET	KREDIET

6

OF

EEN-KOLOM METODE

BANKVERSOENINGSTAAT OP 31 AUGUSTUS 2024	

6

1.1.3 Voorsien EEN rede waarom die Interne Ouditeur bekommerd behoort te wees oor die beheer oor kontant. Verskaf 'n oplossing vir sy bekommernis.

Rede	Oplossing

2

1.1.4 Verskaf EEN voordeel in die ontvangs van betalings van klante wat EFO's gebruik. Verskaf 'n rede vir die voordeel.

Voordeel	Rede

2

1.2 DEBITEUREVERSOENING

1.2.1 REGSTELLING VAN DIE DEBITEUREKONTROLEREKENING

Voorlopige saldo's	14 500
(i)	
(ii)	
(iii)	
(iv)	
(v)	

4

1.2.2 DEBITEURELYS

A. Kunene	
T. Naidoo	
X. Zulu	
M. Smit	

10

1.2.3 Verduidelik waarom die saldo in die Debiteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek dieselfde moet wees as die totaal van die Debiteurelys.

2

1.2.4 Verskaf TWEE interne kontrolemaatreëls, behalwe om rente te hef, wat die onderneming kan gebruik om die invordering van skuld te verbeter.

2

TOTALE PUNTE

40

VRAAG 2

2.1 HLUBI VERVAARDIGERS

2.1.1 Bereken die direkte arbeidskoste.

BEWERKINGS	ANTWOORD

7

Bereken die fabrieksbokoste vir die jaar.

Foutiewe totaal	884 160

5

2.1.2 Bereken die totale koste van produksie.

BEWERKINGS	ANTWOORD

5

2.1.3 Verskaf TWEE redes waarom fabriekswerkers verkies om oortyd te werk sonder enige besware.

--

4

2.2 MUG 'n SIP VERVAARDIGERS

2.2.1 Die eienaar wil van die produksiepersoneel na ander departemente herontplooï. Verskaf TWEE voorstelle waarom dit nie 'n goeie besluit is nie. Haal syfers en neigings aan.

4

2.2.2 Die bestuurder is bekommerd dat die fabrieksbokoste die vaste koste laat verhoog het. Verduidelik waarom hy nie bekommerd hoef te wees nie. Verskaf TWEE punte. Haal syfers en neigings aan.

4

2.2.3 Identifiseer EEN kosteverwante probleem vir die ouditeur en verskaf 'n ooreenstemmende oplossing vir ELKE probleem. Haal syfers en neigings aan.

Identifiseer die probleem	Oplossing

4

2.2.4 Bereken die % verhoging in die verkoopprijs van die koffiebekers.

BEWERKINGS	ANTWOORD

2

TOTALE PUNTE

35

VRAAG 3

3.1 KONSEPTE

3.1.1	
3.1.2	
3.1.3	

3

3.2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 29 Februarie 2024. Gebruik die geweegde gemiddelde metode.

BEWERKINGS	ANTWOORD

7

3.2.2 Bereken hoe lank (in dae) dit sal neem om die eindvoorraad te verkoop.

BEWERKINGS	ANTWOORD

3

3.2.3 Die eienaar vermoed dat gesigseep gesteel word. Verskaf 'n berekening om sy vermoedens te bevestig.

BEWERKINGS	ANTWOORD

4

3.2.4 Die eienaar oorweeg dit om nog 'n sekuriteitsbeampte teen 'n maandelikse salaris van R6 200 aan te stel om te help met die kontrole van die gesigseep voorraad. Verduidelik waarom dit NIE 'n goeie idee is NIE. Verskaf EEN punt met syfers.

--

3

3.3

Verskaf EEN afsonderlike probleem (met syfers) ten opsigte van ELKE tak saam met 'n oorstemmende oplossing vir ELKE probleem.

	Probleem	Oplossing
Sedibeng		
Tshwane		
Mogale City		

3.4.1

Bereken die bedrag BTW betaalbaar aan SAID vir die BTW-periode geëindig 31 Julie 2024.

BEWERKINGS	ANTWOORD

9

3.4.2

Ali dring daarop aan dat die skootrekenaar as deel van Baya-handelaars se toerusting aangeteken moet word en dat R1 680 as BTW-inset in die besigheid se boeke getoon moet word.

Verduidelik wat jy aan Ali sal sê. Verskaf EEN punt.

--

2

TOTALE PUNTE

40

VRAAG 4

4.1 Onderskei tussen Kontantbegroting en Geprojekteerde Inkomstestaat.

--

2

4.2 DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE

MAANDE	KREDIET- VERKOPE	MAART	APRIL
JANUARIE	1 791 000	358 200	
FEBRUARIE	2 077 560		
MAART	2 520 000	598 500	
APRIL			
KONTANT VAN DEBITEURE			

7

4.3 Bereken die vorige salarisse vir elke werknemer voordat die nuwe werknemer aangestel is.

BEWERKINGS	ANTWOORD

3

4.4 Bereken die ontbrekende bedrae aangedui deur (i) tot (iii) in die Kontantbegroting.

BEWERKINGS	ANTWOORD
(i)	
(ii)	
(iii)	

10

4.5

Billy het 'n nuwe mededinger wat in Januarie 2024 besigheid begin doen het. Hy is bekommerd oor die dalende aantal kliënte. Lewer kommentaar op verkope en lewer bewyse (met syfers of berekeninge) om Billy se bekommernis te regverdig.	
Verduidelik hoe die onderneming na klante kan uitreik in ander provinsies sonder om nuwe takke te open. Gee EEN punt met 'n rede.	
VERDUIDELIKING	REDE

4

2

4.6

Billy is bekommerd dat afleweringkoste nie goed beheer word nie. Verskaf EEN rede om sy bekommernis te verduidelik. Haal syfers aan.	
Billy voel dat dit belangrik is om 'n vloot voertuie te gebruik om verkoopte goedere af te lewer. Verskaf TWEE voordele om 'n eksterne afleweringmaatskappy te gebruik.	

3

4

TOTALE PUNTE
35

TOTAAL: 150

EINDE

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2024



10712	REKENINGKUNDE	VRAESTEL 2	ANTWOORDBOEK
-------	---------------	------------	--------------


11 bladsye

REKENINGKUNDE ANTWOORDBOEK V2



10712X

X05





GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2024

NASIENRIGLYNE

REKENINGKUNDE VRAESTEL 2 (10712)

12 bladsye

NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, sal strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **Let wel:** As syfers aangedui word in die nasienriglyne vir komponente of bewerkings, dra hierdie nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar dit getoon word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Waar strafpunte toegeken word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
8. Bewerking beteken 'kontroleer bewerking'. Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek.
LW: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷ of soos per nasienriglyne wees.
9. Een deel korrek beteken "bewerking en een deel korrek". Waar metodepunte toegeken word vir een deel korrek, moet die redelikheid van die antwoord deur die nasiener gekontroleer word en ten minste een deel moet korrek wees alvorens die punt toegeken word. Indien 'n syfer 'n metodepunt verdien het, moet dit as "een deel korrek" aanvaar word.

More Recourses



[Testpapers.co.za](https://www.testpapers.co.za)

[Exam Papers](#) / [Study Guides](#) / [Summaries](#) / [Tutoring](#)



[TestpapersPro.co.za](https://www.testpaperspro.co.za)

[Study Notes](#) / [Quizzes](#) / [Flashcards](#) / [Exam Questions](#)

VRAAG 1

1.1 BANKVERSOENING

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL	KONTANTBETALINGSJOERNAAL
Bedrag	Bedrag
R158 100	R94 790
1 800 ✓	10 000 ✓
2 160 ✓	850 ✓
	1 770 ✓
	32 000 ✓
	9 000 ✓✓
162 060	148 410

8

Bankrekening saldo in die Algemene Grootboek op 31 Augustus 2024				ANTWOORD
BEWERKINGS				
sien KOJ	sien KBJ			
– 17 470 ✓ + 162 060 ☒	– 148 410 ☒	162 060	17 470	–3 820 ☒
13 650 twee m punte		a/b 3 820	148 410	een deel korrek
Aanvaar alternatiewe aanbiedings soos grootboekrekeninge				

4

1.1.2 Kies slegs EEN metode hieronder om die vraag te beantwoord.

BANKVERSOENINGSTAAT OP 31 AUGUSTUS 2024				
	EEN KOLOM METODE	EEN KOLOM METODE	DEBIET	KREDIET
Saldo volgens <u>Bankstaat</u> Moet nie R34 600 aanvaar nie	2 840	(2 840)	2 840 ☒ kan Kt wees	DT en KT totale moet dieselfde wees
Krediteer uitstaande deposito	(24 620)	24 620		24 620 ✓
Debiteer bedrag foutiewelik gekrediteer	11 000	(11 000)	11 000 ✓✓	
Debiteer uitstaande EFO 633	14 600	(14 600)	14 600 ✓	
Saldo volgens <u>Bankrekening</u> Moet nie R17 470 aanvaar nie	3 820	(3 820)	Kan Dt wees	3 820 ☒ sien 1.1.1
			28 440	28 440

6

-1 vir swak aanbieding/foutiewe besonderhede

Indien kandidate een en twee kolom versoening doen, merk die weergawe wat die kandidaat die meeste bevoordeel. Vir 2-kolom metode moet kandidate syfers in die regte kolom plaas om punte te verdien.

Vir 1-kolom metode moet die regte teken positief of negatief gebruik word.

1.1.3

Verduidelik EEN rede waarom die Interne Ouditeur bekommerd behoort te wees oor die beheer van kontant. Verskaf 'n oplossing vir sy bekommernis.

Rede ✓	Oplossing ✓ Oplossing gebaseer op rede
- Oorrol van kontant-R10 000 / vermiste kontant van die kontantverkope op 23 Julie 2024. - Verkeerde aantekening van kontant ontvang/Kredietkaart-verkope verkeerdelik aangeteken as R21 300.	- Maak gebruik van kontantvervoermaatskappye om kontant op 'n daaglikse basis af te haal en deponeer. - Registreer vir SMS kennisgewing van die bank - Daaglikse versoening / verbeter toesig en vermeerder gereelde monitering

2

1.1.4

Verskaf EEN voordeel om betalings van klante deur middel van EFO's te ontvang. Verskaf 'n rede vir die voordeel.

Voordeel ✓ Enige geldige antwoord	Rede ✓ Rede gebaseer op voordeel
Doeltreffendheid	Elimineer noodsaaklikheid van fisiese kontrole/kontantransaksies
Koste-effektief	Bespaar besigheidsgelde op transaksiefooie.
Sekuriteit	Verminder die risiko van diefstal/bedrog.

2

Ken punte toe vir rede vervat in die voordeel

1.2 DEBITEUREVERSOENING

1.2.1 REGSTELLING VAN DIE DEBITEUREKONTROLEREKENING

Voorlopige saldo's	14 500
(i)	+1 300 ✓
(ii)	+250 ✓
(iii)	0/geen verandering
(iv)	0/geen verandering
(v)	(540) ✓
-1 vir oorbodige inskrywing in nommer (iii) en/of nommer (iv). Maks -1	15 510 ☒

4

1.2.2 DEBITEURELYS

*een deel korrek

A. Kunene	(-1 000 + 1 600 ✓✓)	600 ☒ *
T. Naidoo	(6 200 – 900)	5 300 ✓ ☒ *
X. Zulu	(2 300 – 540)	1 760 ✓ ☒ *
M. Smit	(7 600 + 250)	7 850 ✓ ☒ *
		15 510 ☒ *

10

1.2.3 Verduidelik waarom die saldo in die Debiteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek dieselfde moet wees as die totaal van die debiteurelys.

Geldige verduideliking ✓✓

Debiteurekontrolerekening is die opsomming van die Debiteurelys / Debiteurekontrolerekening toon die totale bedrag verskuldig deur al die klante van die onderneming / Dieselfde brondokument word gebruik om beide die rekords op te stel, dus word dieselfde inligting gebruik.

2

1.2.4 Noem TWEE interne kontrolemaatreëls, behalwe om rente te verhef, wat die onderneming kan gebruik om die invordering van skuld te verbeter.

TWEE geldige punte ✓ ✓

- Stuur gereeld aanmanings (SMS/Epos/brief) / outomatiese fakturering en betalings aanmanings.
- Gee afslag vir voortydige betalings
- Handhaaf en kommunikeer duidelike terme en voorwaardes met klante (verseker dat hierdie terme op fakture verskyn).
- Handig klante oor aan skuldinvorderaars.
- Stop verkope aan debiteure wat agterstallig is tot skuld gedelg is.

2

TOTALE PUNTE
40

VRAAG 2

2.1 HLUBI VERVAARDIGERS

2.1.1 Bereken die direkte arbeidskoste.

$(10 \times 50 \times 2\,000)$ $1\,000\,000 \checkmark\checkmark$	$(10 \times 90 \times 100)$ $+ 90\,000 \checkmark\checkmark$	$BL \times 12\%$ $+ 120\,000 \checkmark\checkmark$	1 210 000 ☒ een deel korrek
--	---	---	--

7

Bereken die fabrieksbokoste vir die jaar.

Foutiewe totaal	884 160
Fabriekshuuruitgawe $(83\,400 - 66\,720)$ OF $66\,720 \times 20/80$	16 680 ☒ ☒ *
Fabrieksversekering $[1\,440 \times 4] \times 3$ OF $(94\,320 \times 4)$	(17 280) ☒
Korrekte totaal vir fabrieksbokoste	883 560 ☒ R884 160 moet ingesluit wees

5

*een deel korrek

2.1.2 Bereken die totale koste van produksie.

BEWERKINGS	ANTWOORD
$[2\,663\,000 - 745\,000]$ sien DA sien FBK $1\,918\,000 \checkmark\checkmark + 1\,210\,000 \checkmark + 883\,560 \checkmark$ Aanvaar alternatiewe aanbiedings soos grootboekrekening	4 011 560 ☒ een deel korrek

5

2.1.3 Verskaf TWEE redes waarom fabriekswerkers verkies om oortyd te werk sonder enige besware.

Enige TWEE geldige redes ☒ ☒ ☒ ☒
- As gevolg van ekstra vergoeding/Geleentheid om ekstra inkomste te verdien - Om bevorderingsgeleenthede na te streef/Toon toewyding wat tot bevordering kan lei (ander beroepe) - Geleentheid vir vaardigheidsontwikkeling/Geleentheid om nuwe take aan te leer - Passie vir werk om positiewe resultate te bereik/Bydrae tot maatskappy (projek) sukses / Toon toewyding en betroubaarheid van werkers om mikpunte te bereik.

4

2.2 MUG 'n SIP VERVAARDIGERS

2.2.1 Die eienaar wil van die produksiepersoneel na ander departemente herontplooi. Verskaf TWEE voorstelle waarom dit nie 'n goeie besluit is nie. Haal syfers en neigings aan.

Lewer kommentaar op GBP en produksie (met syfers) ✓✓ syfers ✓✓

- GBP verminder (van 19 448) tot 18 400 eenhede/met 1 048 eenhede/ met 5,4%.
- Die eenhede geproduseer vermeerder (van 19 100) tot 24 000 eenhede/ met 4 900 eenhede/met 25,7%.
- Direkte arbeidskoste per eenheid het met R0,90 sent (5,1%) verhoog vergeleke met die produksievlak wat verhoog het met 4 900 eenhede (25,7%)

VIR VIER PUNTE:

- Die onderneming maak 'n wins op 5 600 eenhede vergeleke met 'n verlies op 348 eenhede die vorige jaar.
- GBP verminder met 1 048 eenhede (5,4%) en eenhede geproduseer het met 4 900 eenhede verhoog (25,7%)

4

2.2.2 Die bestuurder is bekommerd dat die fabrieksbokoste die vaste koste laat verhoog het. Verduidelik waarom hy nie bekommerd hoef te wees nie. Verskaf TWEE punte. Haal syfers en neigings aan.

Enige TWEE geldige punte ✓ ✓ vergelyking van syfers ✓ ✓

- Vaste koste per eenheid het verminder van (R56) tot R46/met R20/met 17,9%.
- Skaalvoordele is bereik as gevolg van verhoogde produksie van 4 900 eenhede/met 25,7%.

4

2.2.3 Identifiseer EEN koste verwante probleem vir die ouditeur en verskaf 'n ooreenstemmende oplossing. Haal syfers en neigings aan.

Identifiseer die probleem Koste item ✓ neiging en syfer ✓	Oplossing ✓✓
Direkte materiaalkoste per eenheid verhoog van (R30,80) tot R51,80/ met R21/ met 68,1% <i>[Moet nie enige ander Veranderlike Koste aanvaar nie]</i>	Lei werkers op om meer effektief te wees/Toesig oor produksiewerkers om vermorsing te beperk/ Koop materiaal in grootmaat om sodoende om 'n beter prys te onderhandel/ Verander van verskaffer om sodoende 'n goedkoper prys te kry sonder om kwaliteit in te boet.

4

2.2.4

Bereken die % verhoging in die verkoopprys van die koffiebekers.	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$\frac{(146 - 118,5)}{118,5} \times 100$ OF $\frac{146}{118,5} \times 100$$123,2\% - 100\%$	23,2% ✓☒ een deel korrek

2

TOTALE PUNTE
35

VRAAG 3

3.1 KONSEPTE

3.1.1	EIEU	✓
3.1.2	Deurlopend	✓
3.1.3	Spesifieke identifikasie	✓

3

3.2.1 Bereken die waarde van die slotvoorraad op 29 Februarie 2024.
Gebruik die geweegde gemiddelde metode.

BEWERKINGS	ANTWOORD
$\frac{174\,400 \checkmark + 956\,400 \checkmark - 5\,500 \checkmark}{4\,800 \checkmark + 19\,500 \checkmark - 100 \checkmark} \times 5\,650$ 1 125 300 drie punte 24 200 drie punte R46,50 x 5 650 ses punte OR $\frac{174\,400 + 956\,400 - 5\,000}{4\,800 + 19\,500 - 100} \times 5\,650$ 1 125 800 drie punte 24 200 drie punte R46,52 x 5 650 ses punte	262 725 ☒ een deel korrek moet x met 5 650 OR 262 838 een deel korrek moet x met 5 650

7

3.2.2 Bereken hoe lank (in dae) dit sal neem om die eindvoorraad te verkoop.

BEWERKINGS	ANTWOORD
sien 3.2.1 $\frac{262\,725 \checkmark}{862\,575 \checkmark} \times \frac{365}{1}$ [1 125 300 – 262 725 sien 3.2.1] OF sien 3.2.1 $\frac{262\,838}{862\,962} \times 365$ [1 125 300 – 262 838 sien 3.2.1] OR een punt $\frac{5\,650}{18\,500} \times \frac{365}{1}$ een punt	111,2 dae ☒ een deel korrek moet x met 365 111,5 dae een deel korrek moet x met 365

3

3.2.3 Die eienaar vermoed dat gesigseep gesteel word. Verskaf 'n berekening om sy vermoedens te bevestig.

BEWERKINGS	ANTWOORD
$[4\,800 + 19\,500 - 100] - 18\,500 \checkmark - 5\,650 \checkmark$	50 eenhede ☒ een deel korrek

4

3.2.4 Peter oorweeg dit om nog 'n sekuriteitsbeampte teen 'n maandelikse salaris van R6 200 aan te stel om te help met die kontrole van die voorraad gesigseep. Verduidelik waarom dit NIE 'n goeie idee is nie. Verskaf EEN punt met syfers.

Vergelyking van salaris met vermiste voorraad bedrag ✓ syfers ✓✓

- Salaris van die sekuriteitsbeampte, R 6 200 (per maand) oorskry die koste van die vermiste voorraad R2 325 (50 x R46,5). sien 3.2.3

3

3.3 Verskaf EEN afsonderlike probleem (met syfers) ten opsigte van ELKE tak saam met 'n oorstemmende oplossing vir ELKE probleem.

	Probleem ✓ ✓ ✓ Syfer ✓ ✓ ✓	Oplossing ✓ ✓ ✓
Sedibeng	• Stadige verkope – 600 koelbokse is verkoop/ Hoë slotvoorraad, 2 600 meer as laas jaar	• Adverteer meer om verkope te verhoog.
Tshwane	• Onttrekkings is te hoog – 15 koelbokse geneem vir eie gebruik.	• Die eienaar moet persoonlike en besigheidsfinansies skei.
Mogale City	• Krediteure word binne 31 dae betaal en dit sal tot kontantvloei probleme lei. • Debiteure neem te lank om te betaal – 40 dae.	• Die onderneming moet maksimale toegelate tydperk benut om krediteure terug te betaal. • Moedig debiteure aan om volgens die kredietterme te betaal.

9

3.4.1

Bereken die bedrag BTW betaalbaar aan SAID vir die BTW-periode geëindig 31 Julie 2024.

BEWERKINGS	ANTWOORD																				
Merk slegs een opsie; bepaal watter opsie die kandidaat meeste bevoordeel. Wees bedag op alternatiewe aanbiedings en berekenings. $\checkmark$ $\checkmark$ $\checkmark$ $\checkmark\checkmark$ $\checkmark$ $\checkmark\checkmark$ $6\ 300 - 1\ 035 - 3\ 075 - 117 + 240 + 8\ 790$ $(9\ 450 - 660)$ een punt een punt OF – $6\ 300 + 1\ 035 + 3\ 075 + 117 - 240 - 8\ 790$ OF <table border="1"> <tr> <td>1 035</td><td>6 300</td></tr> <tr> <td>3 075*</td><td>240*</td></tr> <tr> <td>117*</td><td>8 790*#</td></tr> <tr> <td>11 103</td><td></td></tr> <tr> <td>15 330</td><td>15 30</td></tr> </table> OF <table border="1"> <tr> <td>6 300</td><td>1 035</td></tr> <tr> <td>240*</td><td>3 075*</td></tr> <tr> <td>8790*#</td><td>117*</td></tr> <tr> <td></td><td>11 103</td></tr> <tr> <td>15 330</td><td>66 255</td></tr> </table> *Bedrae kan in hakies in die teenoorgestelde kant voorkom. Merk slegs een opsie, merk die opsie wat die kandidaat bevoordeel. Dit bestaan uit die twee bedrae (9 450 – 660)	1 035	6 300	3 075*	240*	117*	8 790*#	11 103		15 330	15 30	6 300	1 035	240*	3 075*	8790*#	117*		11 103	15 330	66 255	11 103 ☒ een deel korrek
1 035	6 300																				
3 075*	240*																				
117*	8 790*#																				
11 103																					
15 330	15 30																				
6 300	1 035																				
240*	3 075*																				
8790*#	117*																				
	11 103																				
15 330	66 255																				

9

3.4.2

Ali dring daarop aan dat die skootrekenaar as deel van Baya-handelaars se toerusting aangeteken moet word en dat R1 680 as BTW-inset in die besigheidsboek getoon moet word.

Verduidelik wat jy aan Ali sal sê. Verskaf EEN punt.

Enige EEN punt $\checkmark\checkmark$ Ken deelpunt toe vir gedeeltelik korrekte /onduidelike antwoord

Verwagte antwoorde vir twee punte:

- Dit is belastingontduiking/hy poog om die bedrag verskuldig aan SAID vir BTW te verminder /dit is onwettig en oneties.
- Hy sal die BTW-inset verhoog, wat 'n verminderde bedrag verskuldig aan SAID tot gevolg sal hê.
- Hy kan beboet word of tronkstraf opgelê word omdat dit 'n kriminele oortreding is.
- Persoonlike en besigheidstransaksies moet apart gehou word. (Besigheidsentiteit konsep)/Ali moet daarvoor uit sy private bankrekening betaal.
- Aangesien die skootrekenaar nie vir besigheidsdoeleindes gebruik word nie, moet die volle bedrag van R12 880 as onttrekking hanteer word.

2

TOTALE PUNTE

40

VRAAG 4

4.1 Onderskei tussen Kontantbegroting en Geprojekteerde Inkomstestaat.

Enige geldige verduideliking ✓ ✓

- Kontantbegroting voorspel en bestuur die kontant invloei en uitvloei van 'n onderneming oor 'n tydperk/ Vooruitskatting op toekomstige ontvangstes en betalings/ Vooruitskatting van die toekomstige bank saldo.
- Geprojekteerde Inkomstestaat skat die inkomste en uitgawes van 'n onderneming vir 'n toekomstige tydperk / vooruitskatting van toekomstige wins en verlies/ vooruitskatting van toekomstige netto wins.

2

4.2 DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE

*een deel korrek

Indien syfers korrek maar opgeskuif is, ken punte toe en -1 vir aanbieding

MAANDE	KREDIET VERKOPE	MAART	APRIL
JANUARIE	1 791 000	358 200	-1 vir inskrywing
FEBRUARIE	2 077 560	1 038 780 ✓	415 512 ✓
MAART	2 520 000	598 500	1 260 000 ✓
APRIL	2 880 000 ✓		684 000 ✓✓
KONTANT VAN DEBITEURE			2 359 512 ✓*

7

4.3 Bereken die vorige salarisse vir elke werknemer voordat die nuwe werknemer aangestel is.

BEWERKINGS	ANTWOORD
$\frac{(14\,800 + 1\,200)}{16\,000 \checkmark \checkmark \div 4}$	4 000 ✓ een deel korrek

3

4.4 Bereken die ontbrekende bedrae aangedui deur (i) tot (iii) in die Kontantbegroting.

BEWERKINGS	ANTWOORD
(i) $2\,520\,000 \times 40/60$	$1\,680\,000 \checkmark \checkmark$ een deel korrek
(ii) $\frac{(500 \times 12)}{6\,000 \checkmark \checkmark \times 100/6 \checkmark}$ OF $600\,000 - 500\,000$	$100\,000 \checkmark$ een deel korrek
(iii) $\frac{(4\,200\,000 \times 100/125)}{3\,360\,000 \checkmark \checkmark \times 85/100 \checkmark}$	$2\,856\,000 \checkmark$

10

4.5

Lewer kommentaar op verkope en lewer bewyse (met syfers of berekeninge) om Billy se bekommernis te regverdig.

Kommentaar ✓✓ syfers ✓ ✓

Ken deelpunt toe vir gedeeltelik korrekte /onduidelike antwoord

- Billy Trident het 'n 32% toename vir Februarie begroot, maar het slegs 16% behaal.

4

Verduidelik hoe die onderneming na klante kan uitreik in ander provinsies sonder om nuwe takke te open. Gee EEN punt met 'n rede.
VERDUIDELIKING ✓
REDE ✓

- | | |
|---|--|
| <ul style="list-style-type: none"> Brei uit met aanlynverkope. Ontwikkel 'n bemarkingstrategie. | <ul style="list-style-type: none"> Klante kan op enige tyd koop (onbeperkte besigheidsure). Adverteer deur middel van sosiale media (onbeperk/digitale bemarkingsveldtogte). |
|---|--|

2

4.6

Billy is bekommerd dat afleweringkoste nie goed beheer word nie. Verskaf EEN rede om sy bekommernis te verduidelik. Haal syfers aan.

Enige punt ✓ vergelyking van syfers ✓✓

- Afleweringskoste is begroot teen 2% van verkope maar het verhoog tot 3,5%.

3

Billy voel dat dit belangrik is om 'n vloot voertuie te gebruik om verkoopte goedere af te lewer. Verskaf TWEE voordele om 'n eksterne afleweringmaatskappy te gebruik.

Enige TWEE punte ✓✓ ✓✓

- Uitkontraktering van vervoer kan kostes bespaar.
- Laat onderneming toe om op kernbesigheid te fokus.
- Verminder administrasie om klante se goedere na te spoor.

4

TOTALE PUNTE

35

TOTAAL: 150